



# Die Sakegesprek TV program op kykNET begin weer Woensdag 2 Julie om 21h30

Ek kan dit nie glo nie, maar hierdie gaan die 5 de reeks van Sakegesprek wees. Die eerste episode gaan episode nommer 53 wees! Net soos met die ander reekse, gaan ek met verskeie sakeleiers uit verskillende industrieë gesels en beide entrepreneurs en professionele sakebestuurders insluit. Ek is verheug dat Allan Gray ingestem het om die program te borg!

Die formaat is grootliks dieselfde as die vorige reekse. Aan die begin van elke episode gesels ons met Niel Joubert, mederedakteur van Sake Digitaal, oor die week se belangrikste sakenuus.

Ek gesels hierdie week met Niel oor die huidige laag stakings, die moontlike gevolge hiervan, asook die effek van stygende brandstofpryse op die verbruiker en ook op rentekoersbesluite. Dit belastingseisoen het so pas afgeskop en ons praat oor wat dit vir belastingbetalers beteken.

Dit word gevolg deur 'n onderhoud met 'n sakeleier en dan 'n beleggingsgleuf waarin ek met Jeanette Marais, 'n direkteur by Allan Gray, oor beginsels vir suksesvolle beleggings gesels.

In die beleggingsgleuf word gesels oor die vertrekpunt as dit kom by suksesvolle beleggings en wat die eerste belangrikste stappe is.



My eerste gas is Kevin Wood, eienaar van die boetiekbierbrouery, Darling Brew. Wood gesels oor sy besluit om ná 'n loopbaan van 20 jaar in die korporatiewe sakewêreld sy eie bier te begin brou.

Vandag brou Darling Brew sowat 80 000 liter bier per maand. Hy gesels oor die uitdaging om jou eie onderneming in 'n mededingende mark te vestig en gee ook raad aan voornemende entrepreneurs.



*Heruitsending van die program is Donderdae om 16:00, Vrydag om 13:00 en Sondag om 16:00.*

Indien lesers enige voorstelle het wat onderwerpe of gaste betref, stuur gerus 'n e-pos aan: [Theo@sakegesprek.co.za](mailto:Theo@sakegesprek.co.za) of volg Theo op Twitter [@sakegesprek](https://twitter.com/sakegesprek).

***Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur 'n e-pos aan: [nuusbrief@sakegesprek.co.za](mailto:nuusbrief@sakegesprek.co.za).***

Mooi loop!

Theo Vorster

[Theo@sakegesprek.co.za](mailto:Theo@sakegesprek.co.za)

**Volg ons op  
TWITTER**



**Volg ons op twitter @sakegesprek vir program  
opdaterings en interessante beleggings- en  
sakenuus**

Theo is 'n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, 'n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur ([www.galileocapital.co.za](http://www.galileocapital.co.za)). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: [Theo@galileocapital.co.za](mailto:Theo@galileocapital.co.za).